Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102 Epos : rpo@lantic.net
www.stocktheftprevent.co.za

NUUSVRYSTELLING

(Vir onmiddellike vrystelling)

NIE-AANMELDING VAN VEEDIEFSTAL

Your cattle are gone
My countrymen!
Go rescue them. Go rescue them
Leave the breechloader alone
And turn to the pen
Take paper and ink
For that is your shield
Your rights are going
So pick up your pen
Load it, load it with ink
Sit in your chair
Repair not to Hoho
But fire with your pen
IWW Citashe, 19th century

Die gedig deur Citash wat uit die negentiende eeu dateer, fokus op die verlies aan alles wat waardevol is en gee ‘n kulturele perspektief op die belangrikheid van veediefstal. Die les dat die pen magtiger is as die swaard, is ‘n konsep waarmee mense binne die landbou-omgewing sukkel. Dit ondersteun egter die idee dat die aanmeldingsyfer van veediefstal moet toeneem. Tydens ‘n strategiese sessie van die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum is daar gepoog om te bepaal waaraan die probleem van die nie-aanmelding van veediefstal lê, en of mense, provinsies, ens daarvoor aanspreeklik gehou moet word. Dit was die brandpunt tydens besprekings.

Die hoofbronne wat gebruik word om misdaadtendense en die nie-aanmelding van misdaad in Suid-Afrika te bepaal is die Slagoffer van Misdaad Opname (SMO) wat vir die tydperk 2017/2018 deur Statistieke SA saamgestel is. Dié opname vervang nie polisiestatistieke nie, maar is ‘n ryk bron van inligting vir die beplanning van misdaadvoorkoming en bied ‘n holistiese prentjie van veediefstal in Suid-Afrika. Die groot verskil tussen die opname en die SAPD-statistiek is dat laasgenoemde op ‘n databasis gebaseer is, terwyl die Slagoffer van Misdaad Opname statistiese beramings is.

In Tabel 1 word die aantal veediefstalsake wat by die polisie gerapporteer is met die beramings van die Slagoffer van Misdaad Opname per provinsie vergelyk en dit is duidelik dat daar ‘n verskil tussen provinsies is.

Provinsie	**Aantal sake gerapporteer (SAPD)**	**Beraamde aantal sake (SMO)**	**Rapporterings-koers**	**Nie-aanmeldings-koers**
Wes-Kaap	953	4120	23,13%	-76,87%
Noord-Kaap	1558	2639	59,04%	-40,96%
Vrystaat	4032	12478	32,31%	-67,69%
Oos-Kaap	6217	36007	17,27%	-82,73%
KwaZulu-Natal	6322	47610	13,28%	-86,72%
Mpumalanga	3135	22459	13,96%	-86,04%
Gauteng	998	8003	12,47%	-87,53%
Noordwes	3447	15586	22,12%	-77,88%
Limpopo	2187	10519	20,79%	-79,21%
Nasionaal	28849	159421	18,10%	-81,90%

Tabel 1: Vergelyking van aantal veediefstalsake by die polisie gerapporteer met die SMO-beramings vir 2017/2018

Uit Tabel 1 is dit duidelik dat die onderste vier provinsies onder die nasionale gemiddeld is met die Wes-Kaap, Noordwes en Limpopo net op die randjie. Die Vrystaat is ver voor die res terwyl die Noord-Kaap die voorloper met ‘n 59% aanmeldingsyfer is. Voor dié resultate gevier word moet die feit in ag geneem word dat die beramings van die Wes-Kaap, Noord-Kaap en Gauteng volgens die SMO onbetroubaar is. Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum het besluit dat die aanmeldingskoers binne die volgende jaar nasionaal met 20% moet styg.

Nie net moet die uitsonderings wat uitgewys is in aanmerking geneem word nie, maar ook die aanmeldingsneigings tussen geslagte en bevolkingsgroepe.

Die inligting in Tabel 2 dui die persentasies van aanmelding tussen mans en vroue asook die aanmeldingskoers tussen bevolkingsgroepe aan. Neem kenns dat daar geen data beskikbaar is vir gekleurde en Indiese mense wat die slagoffers van veediefstal is nie.

Geslag van die hoof van die huishouding	**Persentasie in 2017/2018**
Manlik	34%
Vroulik	23%
Aanmelding per bevolkingsgroep	
Swart	28%
Wit	65%

Tabel 2: Persentasie van veediefstal wat per geslag en bevolkingsgroep by die polisie aangemeld is.

Die afleiding word uit Tabel 2 gemaak dat manlike slagoffers meer geneig is om veediefstal aan te meld as vroulike slagoffers en dat lede van die wit bevolkingsgroep meer geneë is om veediefstal by die polisie aan te meld.

Ten slotte is die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum van die opinie dat ‘n slagoffer wat nie ‘n misdaad aanmeld nie, net so skuldig is as die krimineel wat die oortreding gepleeg het. As die landbougemeenskap beter dienslewering van die kriminele regstelsel verlang, is die enigste opsie om die misdaad tot so ‘n mate aan te meld dat die regstelsel geen ander keuse het nie as om dienslewering en hulpbronne te verbeter nie.

- ooo O ooo -

Datum : **10 Julie 2019**

Navrae :

Mnr Willie Clack
Voorsitter: Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum
Selfoon : **082 574 2653**
Epos : wclack@unisa.ac.za

Mnr Gerhard Schutte
HUB : RPO
Selfoon : **082 556 7296**
Epos: gerhard@rpo.co.za